

# ONS LEER BREI (Les 7)

**In dié les verduidelik ons hoe steke wat geval het, netjies opgetel kan word en hoe 'n gebreide kledingstuk verleng of verkort kan word**

**K**LEINIGHEDE verklik die gehalte van jou breiwerk en selfs bedrewe breisters kan foute maak. Die optel van steke wat geval het en wat ontdek word nadat daar reeds 'n ent verder gebrei is, of die langer en korter maak van 'n voltooide kledingstuk, kan heel netjies en maklik gedoen word as jy net die nodige *vakgeheimpies* ken.

Ons gaan in hierdie aflewering van ons breillesse vir julle dié kunsies leer.

## STEKE WAT GEVAL HET

Al is jy hóé versigtig, kan jy nog 'n steek laat val en dit eers na 'n paar rye raaksien. Jy kan lostrek vermy en die steek met behulp van 'n hekelpen optel.

Hou die regte kant van die werk voor wanneer die steek wat geval het aan die regte kant onsigbaar moet wees en steek die hekelpen in die lus wat opgetel moet word. Steek die pen dan van onder af in die eerste horisontale draad bo die steek op die hekelpen en trek dit deur om 'n steek te vorm.

Werk so voort en tel die steke een vir een so op tot by die ry op die breinaalde. Plaas dan die opgetelde steek op die breinaald en brei gewoonweg voort.

Dieselfde geld vir 'n aweregssteek. Gaan net so te werk, maar aan die verkeerde kant.

## GETREKTE DRADE

'n Getrekte draad in breiwerk kan rampspoedig wees, want dit sal die breiwerk van mekaar af laat trek, amper soos 'n skeur.

Wanneer jy egter breiwerk wil verleng of verkort, kan dit nuttig wees om te weet hoe om dit te doen deur 'n draad te trek.

Tel links in die ry waar jy die verstelling wil doen 'n steek aan die rand op en trek dit uit. Dit trek die werk horisontaal saam. Knip nou die uitgetrekte draad aan die linkerkant van die werk af, dan trek die werk tot ongeveer die middel van mekaar af. Herhaal die proses aan die regterkant en die werk is nou in twee verdeel.

Jy kan dan die oortollige rye van een van die stukke uittrek of jy kan die nodige rye aanbrei. Die twee dele word daarna met naald en garing aanmekaar gemaas, soos hieronder uiteengesit word.

## MAASWERK

Plaas die twee dele so dat die steeklusse skuins teenoor mekaar lê. Tel twee lusse van die boonste ry op die naald, dan twee van die onderste ry ens. Die naald gaan dus in een



1. Optel van steke wat geval het aan regte kant.



2. Optel van steke wat geval het aan aweregskant.



3. Maas aan regte kant.



4. Maas aan aweregskant.

steek in en agter langs by die volgende steek uit, dan af na die steek wat in die onderste ry tussen die twee lê, in dié steek in, agter langs na die volgende, op na die laaste steek van die boonste ry ens.

Om aan die aweregskant te maas, moet die naald vertikaal op en neer ingestee word. Werk van onder na bo en tel op die manier een onderste en een boonste lus op. Beweeg afwaarts in die tweede beweging met een lus bo en een onder.

Reksteek kan ook gemaas word. In dié geval is daar 3 bewegings. Die eerste — horisontaal van regs na links; tel 2 lusse in die onderste ry op. Die tweede beweging bestaan uit 2 stappe: steek die naald van onder af in 'n enkele lus van die boonste ry, dan in die naasleende lus, maar van die verkeerde na die regte kant. Keer dan weer terug na die onderste ry en werk voort op dieselfde manier.

In al sulke gevalle is dit raadsaam om die twee dele wat saamgevoeg moet word, eers aan 'n stuk karton of dikkerige seildoek vas te werk om die toemaas te vergemaklik. ●



5. Maas reksteekwerk.



6. Trek 'n ry los.



7. S6 lyk losgetrekte breiwerk.